'Kom ons luister na wat die kinders sê'

Wet bepaal dit moet ewekansig wees

Charlea Sieberhagen

Prof. Elda de Waal, 'n dosent in onderwysreg op die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoek-kampus, is "versigtig optimisties" dat godsdiens nié uit skole gehaal gaan word nie.

"Art. 15.2(b) van die Grondwet is vir my die baken," het De Waal gesê.

Luidens dié artikel kan godsdiensbeoefening by staats- of staatsondersteunde instellings plaasvind, mits dit op 'n billike grondslag geskied.

"Dit beteken dit moet ewekansig gebeur," het sy gesê.

De Waal meen egter skole moet meer kundig met godsdiens omgaan.

"Almal moet erken voel. 'n Leerling moet ook kan voel dit is goed so as hy of sy in niks glo nie," het sy gesê.

Volgens De Waal hoef 'n saak soos dié nie in die hof te draai nie en moes die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie en die land se staatskole lankal met mekaar in gesprek getree het.

"Hou Indaba. 'n Indaba is altyd 'n skitterende idee. Niemand loop daar weg en voel hy het heeltemal gewen nie, maar almal voel altyd dit is goed om weer 'n bietjie oor 'n saak te dink."

Sy meen gesprekke met rolspelers is nodig en kan die saak meer doeltreffend aanpak.

"Kom ons hoor wat sê die kinders. Kom ons luister na die stemme en dan raak die venyn ook minder," het sy gesê.

) Volgens art. 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet kan godsdiens beoefen word by 'n openbare skool, maar dit moet gedoen word op voorwaarde dat dit op 'n gelyke grondslag beoefen word en leerlinge en personeel vrywillig daaraan deelneem. Die beoefening van godsdiens is egter onderhewig aan die Grondwet.

) Luidens die departement van onderwys se nasionale beleid vir godsdiens en onderwys wat in September van 2003 gepubliseer is, moet alle aspekte van die praktyk 'n direkte uitvloeisel wees van die konstitusionele waardes van burgerskap en menseregte.

Die beleid stel verder dat openbare instellings 'n verantwoordelikheid het om mense van verskillende godsdienste te leer, maar op so 'n manier wat 'n waardering vir die geestelike en nie-materiële aspekte bewerkstellig. Dié soort opvoeding verskil egter van die soort godsdienstige opvoeding wat mense by hul huise en in geloofsgemeenskappe ervaar.

"Godsdienstige opvoeding moet bydra tot 'n geïntegreerde en ingeligte gemeenskap wat die beginsel van eenheid in verskeidenheid versterk," lui die beleid.

Volgens die beleid moet openbare skole kernwaardes van 'n demokratiese gemeenskap bevorder. Staatskole mag luidens die beleid nie die vryheid van leerlinge of onderwysers ondermyn deur eenvormige geloofsoortuigings af te dwing tydens 'n skoolbyeenkoms nie.

Volgens die beleid, wanneer godsdiens beoefen word tydens 'n skoolgeleentheid, mag leerlinge verskoon word as hulle so verkies en billike alternatiewe reëlings moet getref word.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n die publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published in the newspaper. Corrections regarding the article may have been made on subsequent dates. Please search the archive or other news sources for